Voorbeeld !

Verhoudings (4)

MENS TOT MENS

- ☺ Na wie het jy as kind regtig opgesien as 'n held?
- ☺ Wat was die rede vir jou fassinering: wat hulle geweet het of wat hulle gedoen het?
- ☺ Hoekom so?
- ☺ Noem spesifiek name van mense of familie wat jy dink na jou opkyk?

MENS TOT GOD

♫ **Sing:** Ps 100:1 "Juig al wat leef"

Lees: PS 119:18 as inleiding tot julle gebed.

Bid veral vir nederigheid om God se stem te kan hoor.

GOD TOT MENS

📖 **Lees: 1 Tessalonisense 1**

Inleiding:

Paulus kon maar vir 'n paar weke in Tessalonisense werk tydens sy tweede sendingreis.

Die mense het omtrent pas tot bekering gekom toe hy weer moes vertrek. Nadat hy weg is het hy van Timoteus gehoor hoe dit daar gaan en skryf nou aan die gemeente daar. Hy wil hulle in hierdie eerste paar verse aanmoedig om verder te groei, en vertel hulle van hoe mooi voorbeeld hulle jong Christenskap vir ander mense is... al het hulle nog nie al die kop kennis nie.

Hy lê klem op sy voorbeeld by hulle, hulle voorbeeld aan ander het dit wat regtig by mense vassteek en 'n invloed in mense se lewens het.

Bespreking:

- Waaraan dink Paulus spesifiek van hierdie gelowiges as hy vir hulle bid? (v3)
- Hoekom noem hy hier eerder dinge wat hulle doen as wat hy noem van dinge wat hulle weet?
- Hoe het die evangelie by hulle uitgekom? (v5)
- Waarvan is hierdie 'manier' 'n teken?
- Hoekom verwys Paulus nou na hulle (Paulus, Timoteus en Silas) se optrede by die Tessalonisense ? (v5b)
- Hoe het die Tessalonisense reageer op wat Paulus-hulle daar gedoen het? (v6a)
- Wie volg almal vir wie in v 6?
- Wat was die gevolg van hierdie 'voorbeeld-ketting'? (v7&8)
- Watter vier dinge van hoe hierdie mense gelewe het, het hierdie groot impak gehad op hulle omgewing? (v9)
- Wat het ook by Paulus vasgesteek? (v3)
- Ons sien dat twee dinge die boodskap oorgedra het en 'n impak maak: Die woord (v8); en die mense se voorbeeld (v3&v9). Watter een van die twee het hier die meeste bygedra?
- Beteken dit dat die Woord (kennis) onbelangrik is?
- Wat beteken dit dan?

MENS TOT MEDEMENS

- ☺ Gaan daar 'n dag aanbreek dat jy al die kennis en insig oor God en geloof gaan hê?
- ☺ Is God dan nie bietjie onbillik as Hy jou die opdrag gee om mense van Hom te vertel nie? Hoekom nie?
- ☺ Wat is God se houding dan oor die verhouding tussen die oordra van kennis en 'n lewe wat wys wat jy glo?
- ☺ Hoe laat dit jou voel?
- ☺ Hoe is julle as groep 'n voorbeeld vir mekaar?
- ☺ Kan mense sien hoe jy:
    - ☺ Mense ontvang/aanvaar en welkom/veilig laat voel?
    - ☺ Hoe jy wegdraai van afgode na God in jou lewe?
    - ☺ Hoe jy die lewende en ware God dien? Dat jy lewe asof die wederkoms regtig is?

MENS TOT GOD:

- 🗣 **Vra vir gebedsversoeke**
- 🗣 **Verdeel die versoeke en gee aan twee of drie persone geleentheid om te daaroor te bid.**
- 🗣 **Bid:**
    - 🗣 Sê: Dankie Here dat U genade so groot is dat ons voorbeeld iets beteken al kort ons nog baie kennis.
    - 🗣 Help ons om te groei in ons geloof en kennis.
    - 🗣 Wat als weg wat ons bang maak om openlike voorbeelde te wees van U werk in ons lewe.

1 Tessalonisense 1

W	K	T	A	D	L	E	E	B	R	O	O	V	H	R
H	N	K	G	N	I	G	I	U	T	R	O	O	N	I
E	J	A	G	A	O	G	D	L	I	W	T	N	O	P
R	T	E	S	S	A	L	O	N	I	S	E	N	S	E
R	G	H	E	G	M	O	O	P	G	E	T	R	E	E
V	I	I	E	H	S	K	F	T	D	V	G	M	R	S
J	O	M	N	R	E	N	G	S	R	J	L	A	E	U
B	E	L	O	S	I	I	J	L	O	A	O	S	D	N
E	T	D	G	E	P	N	L	E	W	K	V	E	N	A
K	O	A	E	E	I	A	N	I	E	V	E	D	E	V
E	O	I	F	B	L	L	N	E	G	W	G	O	W	L
E	L	Ë	V	G	E	I	I	N	R	E	A	N	E	I
R	B	I	Ë	G	O	G	N	K	I	I	J	I	L	S
K	P	F	P	L	V	D	B	G	E	N	N	Ë	D	Ë
T	H	E	V	S	E	L	E	L	E	O	G	G	F	K

AFGODE
AGAJE
BEKEER
BLOOT
GEBEDE
GEVOLG
GEWORD
HEILIGE
HERINNERING
INSPANNING
LEWENDE
MASEDONIË
MOEILIKE
ONTWIL
OORTUIGING
OPGETREE
SILVANUS
TESSALONISENSE
VOLGELINGE
VOORBEELD

"Al sou ek wil roem, sal ek tog nie dwaas wees nie, omdat ek die waarheid sal praat. Maar ek weerhou my daarvan omdat ek nie wil hê dat iemand aan my meer moet toeskryf as wat hy my sien doen of my hoor sê nie."

~ Paulus 2 Kor 12:6